basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Lees en kyk na die volgende tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

## TEKS A: ARTIKEL

### HOEVEEL PLASTIEK NEEM JY IN?

1 Onwetend neem mense weekliks ongeveer 5 g (die gewig van 'n kredietkaart) se mikroplastiek in. Dit is dalk vir sommige mense 'n bekende feit, máár het jy geweet dat dié klein stukkies plastiek, wat 5 mm of kleiner is, nie alles deur die liggaam uitgeskei word nie?

2 Wetenskaplikes is daarvan oortuig dat mense plastiek inneem deur die lug wat hulle inasem, die kos wat hulle eet en water wat hulle drink. Daar is dus plastiekdeeltjies letterlik oral om ons: in die oseaan, in die lug, in sneeu op hoë berge en selfs in die mens se liggaam.

3 Navorsers aan die Universiteit van Wene het ondersoek ingestel na maniere waarop plastiek in die menslike liggaam beland. 'n Deel van hulle navorsing was om die mens se inname van water te ondersoek. Hulle bevinding was dat, as jy die aanbevole hoeveelheid water – 1,5 tot 2 liter per dag – uit plastiekbottels drink, 90 000 plastiekdeeltjies per jaar in jou liggaam sal beland. Om kraanwater te drink los ook nie dié probleem op nie! Hierdie studie toon dat die mense wat dieselfde hoeveelheid water uit die kraan drink, jaarliks ongeveer 40 000 stukkies plastiek inneem.

4 Studies het getoon dat mikroplastiek tot dusver nie tot die dood of regstreekse vergiftiging van mense gelei het nie. Daar is egter al hoe meer bewyse van die potensieel skadelike uitwerking wat mikroplastiek op die mens se liggaam het. Wetenskaplikes het byvoorbeeld onlangs stukkies plastiek in pasiënte se longe gevind. Vorige studies het mikroplastiek in menslike stoelgang en lykskouingsmonsters geïdentifiseer – dit is egter die eerste keer dat wetenskaplikes plastiekdeeltjies wat in die longe van lewende pasiënte vasgesteek het, ontdek het.

5 'n Span navorsers by die Hull York Mediese Skool in die Verenigde Koninkryk het die longweefsel van 13 pasiënte wat operasies ondergaan het, ontleed. Hoewel dit dalk 'n relatief klein steekproef is, het hulle in 11 van die 13 pasiënte (85%) se longe mikroplastiek gevind!

6 Bevindings van 'n ander studie deur navorsers aan die Vrije Universiteit van Amsterdam is in die jongste uitgawe van hulle vaktydskrif gepubliseer. Hulle het nanodeeltjies* van mikroplastiek in die bloed van 17 uit 22 mense wat aan hulle proefneming deelgeneem het, gevind.

Kopiereg voorbehou 

7 Die Barcelona Universiteit in Spanje en die Saarland Universiteit in Duitsland het 'n gesamentlike studie oor die nadele van mikroplastiek in die menslike liggaam onderneem. Hieruit het dit geblyk dat plastiekdeeltjies aan die buitewand van rooibloedselle bind – wat dié selle se vermoë om suurstof te vervoer, belemmer.

8 Die groot vraag is: wat gebeur werklik in die liggaam? Word dié mikroplastiek-deeltjies na sekere organe vervoer? Is hierdie vlakke van mikroplastiek-besmetting hoog genoeg om siektes soos kanker te veroorsaak? Prof. Dick Vethaak, verbonde aan die Vrije Universiteit, doen navorsing oor die invloed van giftige chemikalieë op die mens en die ekosisteem. Hy het in 'n onderhoud gesê dat, hoewel die navorsing uitgebrei gaan word om agter die kap van die byl te kom, dit duidelik is dat plastiekdeeltjies deur die liggaam vervoer word én daar agterbly. Hy beskou die resultate van die studies beslis as 'n deurbraak. Die probleem is ongelukkig dat hierdie deeltjies só klein kan wees dat selfs die modernste tegnologie dit nie kan opspoor nie.

9 Besoedeling deur mikroplastiek is 'n wêreldwye probleem en dit is nog onbekend hoe ernstig die gevolge daarvan gaan wees. Dit is wel duidelik dat die ontdekking van mikroplastiek in menslike bloed asook in longe bevestig het dat dit 'n groter gevaar vir ons gesondheid inhou as waarvan ons tot dusver bewus was.

10 Uit 'n wetenskaplike studie deur *Orb Media* blyk dit dat 83% van die watermonsters wat uit krane in 'n dosyn lande verkry is, met mikroplastiek besmet is. Omdat nie alle huishoudings toegang tot lopende water het nie, verhoog die konsentrasie van mikroplastiek in riviere – veral die hoeveelheid vesels – as gevolg van klere wat in riviere gewas word.

11 Mikroplastiek beland gevolglik in oseane. Na raming is daar meer as 70 miljoen ton mikroplastiek sedert 1950 in die oseaan gestort – dit is veral aan industriële vervaardigingsprosesse te wyte. Plastiekproduksie kan (ten spyte van 'n groter hoeveelheid mense wat hulle wêreldwyd vir 'n groter omgewingsbewustheid beywer) teen 2040 verdubbel.

12 Ons Suid-Afrikaners is net so blootgestel aan hierdie probleem. As gevolg van munisipaliteite se swak dienslewering, soos die afwesigheid van lopende water en die verwydering van huishoudelike afval, is riviere ongelukkig dikwels die stortingsterrein.


13 Die werklikheid wêreldwyd is: riviere, oseane, selfs plekke waar ons drinkwater vandaan kom, het asblikke geword. En dit voorspel niks goeds vir die toekoms nie.

*Nanodeeltjie(s) – 'n miljardste deeltjie

[Aangepas uit https://maroelamedia.co.za/leefstyl/gesondheid, 14 Mei 2022 en netwerk24.com/stemme /aktueel/n-land-en-see-wat-aan-rommel-verstik-20200608]

Kopiereg voorbehou 

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Aangepas uit https://link.springer.com/article/10.1007/s11356-021-13184-2]

## VRAE: TEKS A

1.1 Op watter manier word die leser se belangstelling in die titel geprikkel? (1)

1.2 Verwys na paragraaf 1.

1.2.1 Sal die weglating van die woord "dalk" die betekenis van die sin verander? Motiveer jou antwoord. Waarom is dit funksioneel dat die woord "máár" beklemtoon is? (2)

1.2.2 Gee 'n rede waarom dié paragraaf 'n gepaste inleidingsparagraaf is. (1)

1.3 Waarom is die uitwerking van die drink van 1,5 tot 2 liter water per dag uit plastiekbottels (paragraaf 3) ironies? (1)

1.4 Verwys na paragraaf 4 tot 7.

Waarom is dit 'n valse gerusstelling dat mikroplastiekbesoedeling nie mense se dood veroorsaak nie? Verwys in DRIE afsonderlike sinne na die longe, bloed en rooibloedselle. (3)

1.5 Verwys na die syfers in paragraaf 5 en 6.

1.5.1 Waarom is hierdie bevindings geloofwaardig? (1)

1.5.2 Die syfers in paragraaf 5 en 6 is nie kommerwekkend nie, maar dit kan mense ontstel.

Lewer kommentaar op dié stelling deur te verwys na waarom dit met die eerste oogopslag nie "kommerwekkend" is nie, maar by nadere ondersoek tog "ontstellend" kan wees. (2)

1.6 Wat bedoel prof. Vethaak met sy woorde "... om agter die kap van die byl te kom ..." binne konteks? Noem TWEE feite. (2)

1.7 Watter VIER ontstellende feite oor mikroplastiek word in paragraaf 9 genoem? (4)

1.8 "Plastiekproduksie kan (ten spyte van 'n groter hoeveelheid mense wat hulle wêreldwyd vir 'n groter omgewingsbewustheid beywer) teen 2040 verdubbel." (Paragraaf 11)

1.8.1 Wat word deur hierdie sin geïmpliseer ten opsigte van mense wat omgewingsbewus is? (1)

1.8.2 Watter bedekte waarskuwing lê in die stelling hierbo? (1)

1.9 Op watter TWEE maniere kan munisipaliteite probeer voorkom dat mikroplastiek in riviere beland? Is dit regverdig om hulle hiervoor aanspreeklik te hou? Motiveer jou antwoord. (3)

1.10 Paragraaf 13 skep 'n donker prentjie van oseane en riviere wat asblikke geword het.

Motiveer hierdie stelling met TWEE bewyse uit paragraaf 10 en 11 onderskeidelik. Verwys in jou antwoord na oseane en riviere afsonderlik. (2)

**VRAE: TEKS B**

1.11 Waarom is die opskrif noodsaaklik vir die verstaan van die voorstelling? (1)

1.12 Watter universele kwessie word deur die visuele teks voorgestel? (1)

1.13 Waarom, dink jy, kan mense as slagoffers van hulle dade beskou word? Verwys in jou antwoord na hulle dade én hulle slagofferskap. (2)

**VRAAG: TEKS A EN B**

1.14 Herlees TEKS A se paragraaf 2 asook TEKS B.

Op watter TWEE maniere ondersteun TEKS B die inligting van paragraaf 2 in TEKS A? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **sewe wenke aan skoolverlaters oor die manier waarop hulle makliker hulle voete in die grootmenswêreld kan vind**.

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**VIND JOU VOETE IN DIE GROOTMENSWÊRELD**

Jy bevind jou tans in 'n fase tussen skoolverlater en die grootmenswêreld. Jy was tot dusver sorgvry, maar die belangrikste van alles – jy het matriek oorleef en nou moet jy begin om die grootmenswêreld jou eie te maak. Die volgende raad kan in hierdie nuwe fase van jou lewe nuttig te pas kom:

Dit is belangrik dat jy altyd bereid moet wees om 'n student van die lewe te bly. Jy gaan heel moontlik jou kop dikwels stamp, maar daardeur sal jy belangrike lesse leer.

Wat is jou droom vir die toekoms? Of dit nou 'n spesifieke kursus aan 'n universiteit is of om jou eie onderneming te begin – volg jou droom passievol, al skop die lewe jou verskeie kere terwyl jy lê. Wanneer jy mislukkings beleef, is dit belangrik om mense te hê wat 'n hand sal uitsteek wanneer jy struikel. Sulke vriende is skaars, maar laat jou nooit in die steek nie. Omring jou daarom met 'n gesonde ondersteuningsnetwerk. Omdat die lewe jou voorberei vir die mens wat jy eendag gaan wees, is dit dus belangrik om te alle tye met integriteit op te tree, sodat jy as 'n geloofwaardige grootmens jou skoene in die samelewing kan vol staan.

Jongmense begin dikwels twyfel of hulle besig is om te doen wat hulle regtig wil en moet. As jy met mense wat dieselfde beroep as jy beoefen (of wil beoefen), kommunikeer, sal dit jou help om onsekerhede oor jou loopbaan uit die weg te ruim. Om kennis op te doen oor watter spesifieke eise aan jou gestel gaan word en die opofferings wat jou beroep gaan verg, sal skaduwerk in dieselfde beroepsveld waarin jy belangstel, leersaam wees. 'n Belangrike les om te leer is dat jy altyd bereid moet wees om eers te kruip voor jy wil hardloop, want jy moet jouself eers bewys met eenvoudige opdragte voordat jy met meer verantwoordelikhede vertrou kan word.

Benut ten slotte jou nuutverworwe vryheid met verantwoordelikheid. Dit is jou kans om te bewys dat jy jou eie lewe kan lei sonder dat jou ouers oor jou skouer loer.

[Aangepas uit https://www.netwerk24.com/netwerk24/skole-student en *Sarie,* 21 Januarie 2021]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Aangepas uit https://www.doom.co.za/about]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Noem TWEE maniere waarop die woordgebruik by **A** die leser se aandag trek. (2)

3.2 Watter tegniek word aangewend om die naam van die produk uit te lig? (1)

3.3 Verwys na die woorde by **A** en **C**.

3.3.1 Watter emosie word deur die woord "voertssssssek" oorgedra? (1)

3.3.2 Wat is die funksie van die woorde by **C**? (1)

3.4 Gebruik die homoniem van die onderstreepte woord "net" (in **A**) in 'n verklarende sin. (1)

3.5 Is die gebruik van die min woorde in die advertensie doeltreffend? Motiveer jou antwoord. (1)


3.6 Watter mense sal hierdie advertensie as negatief ervaar? (1)

3.7 Gee die betekenis van die voorvoegsel <u>multi</u>- in <u>multi-insekdoder</u> (by **B**). In watter opsig sluit die visuele uitbeelding op die spuitblik by die betekenis van die voorvoegsel aan? (2)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Aangepas uit https://peanuts.fandom.com/wiki/January –1960_comic_strips]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Wat doen die seuntjie in RAAMPIE 2 in reaksie op sy sussie se woorde én hoe word hierdie reaksie deur die spotprentkunstenaar getoon? (2)

4.2 Verwys na RAAMPIE 3.

Watter houding word in RAAMPIE 3 deur die verkleiningsvorm uitgedruk én watter woord in RAAMPIE 2 sluit by hierdie houding aan? (2)

4.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (4.3) en die korrekte letter (A–D) neer, bv. 4.3 E.

Watter EEN van die volgende sinne het 'n bywoordelike bysin in?

A Jy kan my nie in die middag uitsmyt nie.
B Jy kan my nie net uitsmyt, omdat ek jou pla nie.
C Jy wat dink jy is groot, kan my nie uitsmyt nie.
D Jy kan my nie uitsmyt nie, want ek bly ook hier. (1)

4.4 Wat is die verband tussen die woorde in RAAMPIE 9 en 10 en die seuntjie se optrede in RAAMPIE 11? Dink jy RAAMPIE 11 dra tot die humor in RAAMPIE 14 by? Motiveer jou antwoord. (2)

4.5 Wat is die funksie daarvan dat die seuntjie in RAAMPIE 12 niks sê nie? (1)

4.6 Dink jy die seuntjie slaag met sy woorde in RAAMPIE 14 in sy doel? Motiveer jou antwoord deur na die dogtertjie se lyftaal te verwys. (1)

4.7 Skryf die sin in RAAMPIE 14 as 'n wenssin oor. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS F

### O BEESMIS, MY BRANDSTOF IS OP

1 Moenie verbaas wees as julle in die toekoms neerplons op 'n motorsitplek gemaak van eierdoppe, gemaalde lensies en (5.1) (herwin) visnette nie.

2 Dis die planne wat Ian Callum, vorige hoof van Jaguar se ontwerpspan, pas in sy navorsingstaak aan die motorbedryf voorgestel het. Hy het 'n bietjie inligting gaan inwin oor wat moontlik is om ons voertuie se binneruim meer volhoubaar te ontwerp.

3 Om daardie mooi hout van die instrumentpaneel na te boots stel hy voor dat ons piesangblare gebruik. (5.3) Wortelsap kan as kleurmiddel ingevoeg word om sake op te vrolik. (5.4) **Sitplekoortreksels verlang 'n kleurvaste, duursame materiaal wat van goeie gehalte is**. Poliëster en nylon is die (5.5) ideale opsies, alhoewel Callum sê ons kan steeds plastiek omseil deur bloot van flenterklere gebruik te maak. Daar is reeds 'n maatskappy in Europa wat ou denims neem, dit met stysel behandel en dan nuwe lap daarvan maak.

4 Praat van mense wat tot uiterstes gaan! Daar is nou kêrels wat hulle motors met beesmis wil laat ry. Suzuki se Indiese filiaal het (5.6) **gevolglik** aangekondig dat hy 'n ooreenkoms met 'n (5.7) Japanse groep onderteken het. Hulle spesialiseer in die ontginning van natuurlike gas – juis van beesmis gegenereer.

[Aangepas uit *Beeld*, 9 Februarie 2023]

## VRAE: TEKS F

5.1 Skryf die sterk verlede deelwoord van die woord tussen hakies (paragraaf 1) neer. (1)

5.2 Verwys na paragraaf 2.

5.2.1 Waarom is die gebruik van die kommas in paragraaf 2 funksioneel? (1)

5.2.2 Skryf die woord uit paragraaf 2 neer wat tydens uitspraak gepalataliseer word. (1)

5.3 Verwys na die onderstreepte sin in paragraaf 3.

Waarom, dink jy, is die lydende vorm binne konteks van dié teks meer gepas? Skryf dié sin in die bedrywende vorm. (2)

5.4 Benoem die taalverskynsel wat in die vetgedrukte sin in paragraaf 3 voorkom. (1)

5.5 Verdeel die woord "ideale" (paragraaf 3) in lettergrepe én skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies in die sin hieronder neer:

Dit is (ideaal) van jou om te dink dat alle mense van plastiek gaan ontslae raak. (2)

5.6 Gee 'n sinoniem van die vetgedrukte woord in paragraaf 4 en gebruik die sinoniem in 'n verklarende sin van jou eie. (1)

5.7 Lees die sin hieronder en kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (5.7) en die korrekte letter (A–D) neer, bv. 5.7 E.

Suzuki se Indiese filiaal het pas aangekondig dat dit 'n ooreenkoms met 'n Japanse groep onderteken het.

Die onderstreepte woord is 'n ...

A byvoeglike naamwoord.
B selfstandige naamwoord.
C bywoord.
D persoonsnaam. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**NOVEMBER 2023**

**NASIENRIGLYNE**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.**

**Goedgekeur deur:**

**Prof. A. Coetzer**

**Mev. E. Götze**

**11/10/2023**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Die gebruik van 'n (retoriese) vraag/<br>Die gebruik van die voornaamwoord ("jy") ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.2.1 | Ja<br>Indien "dalk" weggelaat is, sal dit beteken dat sommige mense weet dat die mens mikroplastiek inneem./die feit algemeen bekend is./dit 'n gegewe feit is./<br>Die weglating van "dalk" verander die sin van 'n mening na 'n feit. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Die beklemtoonde "máár" versterk die gedagte/teenstelling/feit/kern dat mikroplastiek nie deur die liggaam uitgeskei word nie./dat dit 'n minder bekende feit is dat mikroplastiek nie deur die liggaam uitgeskei word nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATIONS

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.2 | Dit skep vir die leser agtergrond dat die teks oor plastiekinname handel./<br>Paragraaf 1 begin met die onmiddellike verklaring van die titel, naamlik dat die mens (onwetend) plastiek inneem./sluit by die titel aan, aangesien beide 'n retoriese vraag bevat./<br>Onder die dekmantel dat dit bekende inligting is, word die leser geskok/ vasgevang (dat hy/sy/ons weekliks plastiek inneem./dat die klein stukkies plastiek nie deur die liggaam uitgeskei word nie). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.3 | 'n Mens sou verwag dat dit gesond is om water in te neem, maar in werklikheid neem jy gifstowwe/mikroplastiek saam met die water in wat nie gesond is nie./<br>'n Mens sou verwag dat gebottelde water gesonder as kraanwater sou wees, maar in werklikheid is die plastiekbesmetting deur gebottelde water meer as (dubbeld) die besmetting deur kraanwater./90 000 plastiekdeeltjies per jaar teenoor die 40 000 plastiekdeeltjies in kraanwater. ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.4 | (Dit is kommerwekkend/verontrustend dat) plastiekdeeltjies in die <u>longe</u> van (lewende) pasiënte gekry is. ✓<br>Nanopartikels is in die <u>bloed</u> van (17 uit 22) mense gevind./Mense se bloed is ook met mikroplastiek besmet. ✓<br>Die plastiekdeeltjies aan die buitewand van <u>rooibloedselle</u> belemmer die selle se vermoë om suurstof te vervoer./Daar is plastiekdeeltjies aan die buitewand van <u>rooibloedselle</u> gevind. ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde in DRIE afsonderlike sinne vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat word nie vir die aanloop na die antwoord gepenaliseer nie.* | 1<br>1<br>1 |
| 1.5.1 | Die navorsing is deur kundiges/kenners (verbonde aan 'n universiteit en 'n mediese skool) onderneem./<br>Die bevindings is deur navorsers bewys./gepubliseer. ✓ | 1 |
| 1.5.2 | Die syfers is met die eerste oogopslag nie **kommerwekkend** nie, omdat daar 'n klein persentasie mense getoets is./die steekproef baie klein is. ✓<br><br>Die syfers is **ontstellend,** omdat 'n baie groot persentasie (80 tot 85%) van die steekproef positief vir mikroplastiek getoets is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| 1.6 | Hy bedoel dat hulle wil uitvind wat werklik in die liggaam gebeur./<br>Hy wil uitvind hoe ingrypend die invloed van giftige chemikalieë op die liggaam/ekosisteem is./<br>Hulle wil uitvind of die deeltjies na sekere organe vervoer word./<br>Hulle wil uitvind waar die (plastiek-)deeltjies in die liggaam agterbly./<br>Hulle wil vasstel of die vlakke (van mikroplastiekbesmetting) hoog genoeg is om siektes soos kanker te veroorsaak. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | Die probleem van mikroplastiek is wêreldwyd./<br>Dit is nog onbekend hoe ernstig die gevolge gaan wees./<br>Dit hou 'n groter gevaar/probleem vir ons gesondheid in as waarvan ons tot dusver bewus was./<br>Daar is mikroplastiek in menslike bloed gevind./<br>Daar is mikroplastiek in longe gevind. ✓✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 1.8.1 | Daar word geïmpliseer dat die impak van omgewingsbewuste mense nie groot genoeg is nie./mense nie genoeg op die omgewing ingestel is nie./ Omgewingsbewustes is nie deel van die plastiekbesoedeling nie./probeer juis plastiekbesoedeling teenwerk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.8.2 | (As mense nie meer ekovriendelik is nie,) sal die aarde (onder die plastiek) versmoor./<br>(As mense nie ander alternatiewe vir plastiek kry nie,) gaan dit die mens/ natuur nadelig beïnvloed./<br>(Mense moet 'n beter ingesteldheid teenoor die omgewing hê,) anders gaan dit die aarde verwoes. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.9 | Munisipaliteite kan verseker dat daar beter **afvalbestuur** is./mense nie self van huishoudelike afval ontslae moet raak nie./hulle verantwoordelikheid vir afvalverwydering moet neem. ✓<br>Munisipaliteite moet verseker dat daar toegang tot lopende **water** (vir huishoudings) is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*"Beter dienslewering" kan as oorkoepelende term net EEN punt ontvang.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Munisipaliteite is verantwoordelik vir die infrastruktuur./verbeterde lewensomstandighede./wetstoepassing ten opsigte van rivierbesoedeling./swak bestuur./afwesigheid van dienslewering.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Mense moet self verantwoordelikheid neem om nie riviere te besoedel nie./ om minder plastiekbesoedeling te veroorsaak./om ekovriendelike oplossings vir die probleem te vind. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 1.10 | (In paragraaf 10) word genoem dat die gebrek aan lopende water veroorsaak dat vesels in **riviere** beland./dat klere in riviere gewas word. ✓<br>(In paragraaf 11) word genoem dat meer as 70 miljoen ton/baie mikroplastiek (sedert 1950) in die **oseaan** gestort is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |



Eg

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 1.11 | Die opskrif gee inligting dat die skets oor baie mikroplastiek handel./oor mikroplastiek wat kleiner as 5 mm is, handel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.12 | (Die proses van) (omgewings-/mikroplastiek-)besoedeling. ✓<br><br>~~*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*~~ | 1 |
| 1.13 | (Die mens se dade) veroorsaak die verspreiding van die mikroplastiek/dat plastiekbesoedeling plaasvind. ✓<br>(Die mens word die slagoffer,) want sy/haar liggaam word negatief deur die besoedeling beïnvloed. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| 1.14 | Die skets toon hoe die mens mikroplastiek inneem./dat plastiekdeeltjies in die kos, wat ons eet, is/die water, wat ons drink, is./in die oseaan is (soos wat daarna in TEKS A verwys word)./<br>Die skets toon aan dat die oseaan met mikroplastiek besmet is (soos daar wat in TEKS A genoem word)./<br>Die skets toon die moontlike bronne van mikroplastiek aan/hoe die plastiek afgebreek word/dat plastiekdeeltjies in die mens se liggaam beland (soos wat daarna in TEKS A verwys word). ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - o 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - o 3 punte vir taal
  - o Totale punte: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - o 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - o 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - o 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

o Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - o 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - o 4–5 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 1 taalpunt toe.
  - o 2–3 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 2 taalpunte toe.

**INTERPRETASIE VAN HIERDIE NASIENRIGLYN:**
Indien 'n kandidaat woordelikse aanhalings as feite aanbied, word hy/sy soos volg vir taal bepunt:

- Met 6 of 7 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 6/7 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien vir 4/5 aanhalings; 2 taalpunte verdien vir 2/3 aanhalings; 3 taalpunte verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 4 of 5 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 4/5 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien vir 2/3 aanhalings; 2 taalpunte verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 2 of 3 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 2/3 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 1 korrekte feit kan die kandidaat geen taalpunt verdien indien die enkele feit 'n aanhaling is nie.

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - o Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - o Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - o As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - o Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.



PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

**NASIENSIMBOLE**

| | |
|---|---|
| ^ | Onvolledige sin |
| F | Feitefout |
| A | Aanhaling |
| S | Stelling |

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Jy moet 'n student van die lewe bly. Volg jou drome vir die toekoms passievol. Jy moet jou omring met 'n gesonde ondersteuningsnetwerk/vriende wat jou altyd sal bystaan. Tree altyd met integriteit op sodat jy jou skoene in die grootmenswêreld kan vol staan. Kommunikeer ook met mense wat dieselfde beroep as jy (wil) beoefen om sekerheid oor jou loopbaan te kry. Dit is wys om skaduwerk in jou beroepsveld te doen. Wees voorts bereid om eers te kruip, voordat jy wil hardloop. Benut laastens jou nuutverworwe vryheid met verantwoordelikheid.

[Getal woorde: 89]

**OF**

| | AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|---|---|
| 1 | ... dat jy altyd bereid moet wees om 'n **student van die lewe** te bly. | A | Wees bereid om 'n student van die lewe te bly./lesse te leer. |
| 2 | Wat is jou droom vir die toekoms? ... **volg jou droom passievol.** | B | Volg jou drome vir die toekoms (passievol). |
| 3 | Wanneer jy mislukkings beleef ... omring jou (daarom) met 'n **gesonde ondersteuningsnetwerk.** | C | Omring jou te alle tye met 'n (gesonde) ondersteuningsnetwerk./vriende wat altyd by jou sal staan./wat 'n hand sal uitsteek wanneer jy struikel. |
| 4 | ... alle tye **met integriteit op te tree**, sodat jy as 'n geloofwaardige grootmens jou skoene in die samelewing kan vol staan. | D | Tree altyd met integriteit op. |
| 5 | As jy met mense **wat dieselfde beroep** as jy beoefen of wil beoefen **kommunikeer,** sal dit jou help om onsekerhede ... uit die weg te ruim. | E | Kommunikeer met mense wat dieselfde beroep as jy (wil) beoefen (om seker te maak van jou beroepskeuse). |
| 6 | Om kennis op te doen ... (oor) wat jou beroep gaan verg, sal **skaduwerk in dieselfde beroepsveld waarin jy belangstel,** leersaam wees. | F | Gaan doen skaduwerk in dieselfde beroepsveld waarin jy belangstel. |
| 7 | ... jy altyd bereid moet wees om **eers te kruip voor jy wil hardloop**, want jy moet jouself eers bewys ... | G | Wees bereid om eers te kruip voordat jy wil hardloop./Bewys jouself met eenvoudige opdragte. |
| 8 | Benut ten slotte jou **nuutverworwe vryheid met verantwoordelikheid.** | H | Benut jou nuutverworwe vryheid met verantwoordelikheid. |
| | | | **Getal woorde: 68** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

PRIVATE SAK X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

## NASIEN VAN OPSOMMINGS INDIEN DIREKTE AANHALINGS GEBRUIK WORD

| Gewone opsomming met eie woorde | AANTAL DIREKTE AANHALINGS UIT DIE TEKS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 AANHALINGS | 6 AANHALINGS | 5 AANHALINGS | 4 AANHALINGS | 3 AANHALINGS | 2 AANHALINGS | 1 AANHALING | TOTAAL |
| 7 feite +3 pte | + 0 | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | + 2 | + 3 | **7** |
| 6 feite + 3 pte | | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | + 2 | + 3 | **6** |
| 5 feite + 2 pte | | | + 0 | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | **5** |
| 4 feite + 2 pte | | | | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | **4** |
| 3 feite + 1 pt | | | | | + 0 | + 0 | +1 | **3** |
| 2 feite + 1 pt | | | | | | + 0 | + 1 | **2** |
| 1 feite + 1 pt | | | | | | | + 0 | **1** |

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudigekeusevrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Kort kragtige woordgebruik/<br>Die gebruik van emotiewe woorde/<br>Herhaling van klanke/woorddele/alternatiewe spelling van "voertssssssek"/<br>Klanknabootsing/onomatopee/<br>Nuutskepping/neologisme/woordspeling: "voertssssssek" en "tsek" ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde/omskrywings vir EEN punt elk aan.* | | 2 |
| 3.2 | 'n Groter lettertipe/<br>Wit gekleurde teks op 'n donker agtergrond/verskillende agtergronde/<br>Die woord is in hoofletters gedruk./<br>Die woord is vetgedruk./<br>Herhaling van die produk se naam/<br>D-alliterasie (by C) ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 3.3.1 | Irritasie/frustrasie/woede/kwaad/ontsteltenis/ongeduld/ergernis/aggressie ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan die emosie omskryf.* | | 1 |
| 3.3.2 | Dit versterk die gedagte (van "GEEN VOERTSSSSSEK", omdat dit noem) dat die gifstof/DOOM dadelik/dodelik/effektief is./Dit versterk die gedagte/oorreed die leser dat 'n enkele spuitaksie/"NET TSEK" dadelik/dodelik/effektief is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 3.4 | Knoopwerk/materiaal:<br>• Die <u>net</u> word gebruik om visse mee te vang./<br>• My ma gooi 'n <u>net</u> oor die tafel./<br>Presies/juis:<br>• Ons was <u>net</u> betyds vir die vergadering./Ek was nou <u>net</u> hier./<br>• Die kos is <u>net</u> genoeg./<br>Regtig:<br>• Sy is <u>net</u> 'n mooi nooi./Hy is <u>net</u> in sy skik./<br>Netjies:<br>• Hy is <u>net</u> op sy persoon./<br>Netwerk:<br>• In *Onderwêreld* is daar 'n <u>net</u> van pype onder die skool. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin (waarin "net" nie "slegs" beteken nie) vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n samestelling met "net" in 'n sin aanbied nie.* | | 1 |



Eg

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.5 | Ja<br>Die min woorde plaas die fokus op die produk (se doeltreffendheid/dodelikheid)./ oorreed die leser reeds om die produk te koop./<br>Dit laat die visuele aspek sterker uitstaan.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die advertensie gee te min inligting oor die produk./uitwerking van die produk./kon aandui waar die produk verkry kan word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 3.6. | Mense wat weet dat gifstowwe nadelig vir die planeet/ekosisteem/omgewing is./ ekovriendelik is./groen leef./entomoloë/<br>Mense wat 'n afkeer van woordgebruik soos "Voertssssssek" het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 3.7 | Baie/verskeie/veelsydig(e)/meer (as een)/verskillende/verskeidenheid ✓<br><br>Die baie/verskeie/verskillende insekte op die spuitblik sluit by die "multi-" aan./<br>Die uitbeelding van die verskillende insekte op die spuitblik toon aan dat die produk veelsydig is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1<br><br><br><br>1 |
| | | | **[10]** |

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Hy hardloop vir haar weg./gee pad./<br>Hy trek sy gesig. ✓<br><br>Die bewegingstrepies by sy voete wys dat hy vinnig probeer wegkom./Sy voete is in die lug./Sy bolyf neig agtertoe asof sy voete vinniger hardloop./<br>Sy arm langs sy sy is vorentoe gedraai wat kan aandui dat hy hardloop./<br>Sy mond is na onder geteken./Sy oë is donker/groter geteken. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 4.2 | verkleinering/minagting/belediging/baasspelerigheid/neerhalend/meerderwaardig-heid/geïrriteerd ✓<br><br>*Die kandidaat mag 'n omskrywing vir EEN punt aanbied.*<br><br>***EN***<br><br>"skoert"/"SKOERT" ✓ | 1<br><br>1 |
| 4.3 | B/Jy kan my nie net uitsmyt, omdat ek jou pla nie. ✓ | 1 |
| 4.4 | Die seuntjie se woorde in (RAAMPIE 9 en 10) dui op sy (toename in) woede teenoor sy sussie, daarom klap hy die deur toe/slaan hy teen die deur (in RAAMPIE 11). ✓<br><br>*Die kandidaat moet na die woorde én optrede vir EEN punt verwys.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Raampie 11 skep die indruk dat hy haar te lyf sal gaan,/op haar plek sal sit, terwyl die woorde in raampie 14 aandui dat hy in sy magteloosheid aan geen ander dreigement kan dink nie./dat hy haar op haar vlak probeer terugkry.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>In plaas daarvan om sy sussie op haar plek te sit (raampie 11), verwens hy haar net/toon hy sy magteloosheid deur haar te verwens./lei dit tot 'n antiklimaks (raampie 14. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>~~*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*~~ | 1<br><br>1 |
| 4.5 | Dit skep afwagting by die leser oor wat hy vir haar gaan sê./aan haar gaan doen./<br>Dit toon aan dat hy magteloos/gefrustreerd is./sy sussie met sy kyk probeer intimideer./<br>Dit dra by tot die humor, omdat hy nie weet hoe om op te tree nie./<br>Dit skep die idee dat die bravade in die vorige raampies net bluf was. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |



2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 4.6 | Ja<br>Sy lyk ongelukkig./geskok./verstom./verbaas oor sy woorde./<br>Haar oë is groot./mond is ondertoe gedraai./Sy glimlag nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Dit lyk nie asof dit haar raak nie./Sy is passief./kyk net voor haar uit./reageer nie./<br>Haar groot oë dui aan dat sy verbaas is, omdat dit al dreigement is waaraan hy kan dink./sy dreigement nutteloos is./hy in elk geval nie vir haar 'n Kersgeskenk sou koop nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.7 | Mag jy Kersfees 'n sak spinnekoppe of klippe kry./Mag jy 'n sak spinnekoppe of klippe (vir) Kersfees kry./<br>Ek hoop/wens jy kry 'n sak spinnekoppe of klippe vir Kersfees./<br>Ek wens jy kan Kersfees 'n sak vol spinnekoppe of klippe kry./<br>Hopelik kry jy Kersfees 'n sak vol spinnekoppe of klippe./<br>As jy maar vir Kersfees 'n sak spinnekoppe of klippe kry. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Herwonne ✓<br><br>*Die kandidaat moet die woord korrek spel.* | 1 |
| 5.2.1 | Die kommas dui aan dat die gedeelte tussen die kommas 'n parentese/bystelling is wat ekstra inligting gee (oor wie/wat Ian Callum is). ✓ | 1 |
| 5.2.2 | bietjie ✓ | 1 |
| 5.3 | Die fokus word (deur voorplasing) op "wortelsap" geplaas./<br>Die lydende vorm sny die menslike betrokkenheid uit naamlik dat dit nie saak maak wie die aksie uitvoer nie./<br>Die toon van die leesstuk/teks is nie persoonlik nie./objektief./meer formeel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Hulle/Ons/Die mense/'n Mens kan wortelsap invoeg om sake op te vrolik./<br>Om sake op te vrolik kan jy wortelsap as kleurmiddel invoeg. ✓ | 1<br><br>1 |
| 5.4 | Pleonasme/woordoortolligheid/<br>Analogie ✓ | 1 |
| 5.5 | i-de-a-le ✓<br><br>idealisties ✓<br><br>*Die kandidaat moet die woord korrek spel.* | 1<br><br>1 |
| 5.6 | dus/daarom/derhalwe/vandaar/vervolgens/sodoende<br>Ek is siek; dus/daarom/derhalwe/vandaar/vervolgens/sodoende bly ek tuis. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.7 | A/Byvoeglike naamwoord ✓ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

2023 -11- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE